- (7) Indien die appellant nie die kennisgewing bedoel in sub-regulasie (7) nakom nie, moet die aangewese amptenaar die onvoltooide appèl van die appèlregister verwyder.
- (8) Waar 'n appèl die regulasies nakom, moet die aangewese amptenaar 'n verwysingsnommer aan die appèl toeken en die appèlproses begin.
- (9) Enige aansoek vir kondonering vir die laat indiening van 'n appèl kragtens artikel 13(a) van die Wet moet ooreenkomstig Regulasie 6 gemaak word en gelyktydig met die kennisgewing van Appèl ingedien word.

3. Appèlprosedure: Entiteit

- (1) Die tersaaklike entiteit wat sodanige kennisgewing van appèl ontvang moet binne 21 dae na die datum van ontvangs van die kennisgewing van appèl, die volgende na die Tribunaal en aan alle partye tot die appèl stuur—
 - (a) afskrifte van alle stukke verwant aan die handeling, besluit of weglating waarteen geappelleer word;
 - (b) 'n afskrif van die oorspronklike aansoekvorm wat aan die entiteit ingedien is;
 - (c) 'n afskrif van die gedeelte van die *Staatskoerant* waarin die aansoek gepubliseer is, indien van toepassing;
 - (d) enige geskrewe verhoër of besware wat rakende die aansoek ingedien is;
 - (e) enige aanbevelings of kommentaar wat van beplanningsgesagte ontvang is;
 - (f) enige kaarte en beskrywings van roetes wat oorweeg was;

- (g) afskifte van enige tersaaklike Geïntegreerde Vervoerplanne (GVP), soos beoog in artikel 36 van die "National Land Transport Act, 2009" wat oorweeg is, of redes waarom tersaaklike GVP nie oorweeg is nie;
 - (h) 'n transkripsie of oudio weergawe van die verrigtinge voor dit; as die transkripsie nie moontlik is nie;
 - (i) indien van toepassing, afskrifte van ooreenkomste verwant aan die aansoek; en
 - (j) enige verdere dokumentasie wat oorweeg is tydens die aansoekproses.
- (2) Die tersaaklike entiteit wat sodanige kennisgewing van appèl ontvang moet ook binne 21 dae na die datum van ontvangs van die kennisgewing van appèl, aan die Tribunaal en aan alle partye tot die appèl, sy redes skriftelik vir die daad, lasgewing of weglating waarteen geappelleer word, aanstuur.
- (3) Die voorsitter kan, in enige besondere geval, die tydperk beoog in sub-regulasie (1) of (2), verleng.
- (4) Die aangewese amptenaar moet met ontvangs van stukke beoog in sub-regulasies (1) en (2), vasstel of al die partye die stukke ontvang het en indien nie, die tersaaklike party versoek om die afskrifte na die betrokke partye te stuur en bewys van sodanige betekening aan die Tribunaal stuur.
- (5) Die aangewese amptenaar moet partye tot die appèl versoek om hul antwoorde, indien enige, by die Tribunaal in te dien en dieselfde op al die partye tot die appèl, binne 10 dae van sodanige versoek, te beteken
- (6) Indien die entiteit versuim om die inligting wat in sub-regulasies (1) of (2) uiteengesit is, binne die tydperk van 21 dae, of enige verlengde tydperk toegestaan, te verskaf, kan die Tribunaal-
 - (a) voortgaan om die appèl te verhoor op grond van die ingediende kennisgewing van appèl en die aangehegde stukke, of

- (b) dagvaarding uitgevaardig in die vorm van Vorm TAT 03, voorsien in Aanhangsel 1, om beteken te word op die voorsitter van sodanige entiteit, ooreenkomstig artikel 14(1)(b) van die Wet, wat hom of haar roep om voor die Tribunaal opwagting te maak en die stukke bedoel in sub-regulasies (1) of (2) na gelang van die geval.

4. Appèl prosedure: Partye

- (1) Die appellant kan by 'n verhoor van 'n appèl slegs op die gronde en kwessies in die kennisgewing van appèl staat maak en kan slegs sodanige getuienis lewer wat voor die tersaaklike entiteit gelewer is.
- (2) Die appellant wat nie in die aansoekverrigtinge deelgeneem het voor die tersaaklike entiteit nie, kan nie by die verhoor van die appèl op gronde wat vermeld is in sy of haar kennisgewing van appèl staatmaak nie en kan slegs die tersaaklike getuienis lewer wat nie voor die entiteit wat die aansoek oorweeg, gelewer is nie.
- (3) Enige party wat nie vermeld is of in die appèlverrigtinge deelneem nie en wat 'n belang in die uitslag van die appèl het, kan aansoek doen om in die appèlverrigtinge deel te neem en die besluit om sodanige deelname toe te laat sal by die diskresie van die Tribunaal wees.

5. Appèlprosedure: Tribunaal

- (1) Die Tribunaal kan ter enige tyd van die appèlverrigtinge, teen sy eie diskresie of op aansoek deur die appellant of enige ander party tot die appèl, die wysiging van enige dokument wat deur enige party ingedien is toelaat, op sodanige terme soos die Tribunaal regverdig vind.

- (2) Die Tribunaal kan, in spesiale omstandighede en by bewys van gegronde rede, toelaat dat getuienis wat nie voor die tersaaklike entiteit ingedien is nie, erken word.
- (3) Die Tribunaal kan uitspraak maak dat enige punt wat blyk 'n kwessie in die appèl te wees, as 'n voorlopige kwessie vasgestel moet word en die Tribunaal kan in gepaste omstandighede, op die appèl besluit kragtens artikel 12 van die Wet gebaseer op sy besluit op sodanige voorlopige kwessie.
- (4) 'n Voorlopige kwessie beoog in sub-regulasie (3) kan deur enige party tot die appèl geopper word.
- (5) Indien, volgens die oordeel van die Tribunaal, die vasstel van 'n voorlopige kwessie die hele appèl weselik wegdoen, kan die Tribunaal die verhoor van die voorlopige kwessie behandel as die verhoor van die appèl en kan 'n besluit toestaan wat van die saak sal wegdoen in 'n wyse wat dit goedvind.
- (6) Enige verdere kennisgewing of antwoord ingedien deur die partye tot 'n appèl by die Tribunaal moet eers op alle ander partye beteken word en bewys van betekening moet aan die Tribunaal voorsien word.
- (7) Vir 'n gedeeltelike verhoorde saak om voort te gaan, moet 'n meerderheid van die Tribunaal wat aanvanklik die saak verhoor het, teenwoordig wees en voortgaan om teenwoordig te wees by elke daaropvolgende sitting tot die saak afgehandel is.
- (8) Die Tribunaal kan in sy diskresie die verhoor van 'n appèl uitstel of die plek van enige verhoor van die appèl wysig.
- (9) Indien die Tribunaal besluit oor, of 'n appèl ingevolge artikel 12 van die Wet van die hand wys word, of 'n appèl uitstel of die plek van enige verhoor wysig ingevolge sub-regulasie (8), moet die aangewese amptenaar alle partye tot die appèl van die

Tribunaal se besluit of beslissing skriftelik nie later as 10 dae na sodanige besluit of beslissing, inlig.

- (10) Enige onreëlmatighede wat voortspruit uit 'n versuim om enige bepaling van hierdie Regulasies na te kom voor die Tribunaal sy besluit geneem het, maak nie self die verigtinge nietig nie.
- (11) Enige klerklike fout in enige dokument wat 'n besluit van die Tribunaal opneem, of enige fout wat in sodanige dokument voortspruit van enige insidentele fout of weglating, kan nagesien word deur die persoon wat die verrigtinge waarin daardie besluit gemaak is, lei.
- (12) Voor die aanvang van enige verhoor van 'n appèl, moet lede van die Tribunaal enige direkte of indirekte finansiële of persoonlike belang wat enige van hul in die saak voor die Tribunaal mag hê, bekend maak wat die onpartydigheid van die desbetreffende lid kan affekteer.
- (13) Die Voorsitter kan, na goeddunke, na oorweging van alle bekendmakings beoog in sub-regulasie (12), indien enige, 'n beslissing maak vir die tersaaklike lede om van sodanige verhoor onttrek te word of enige ander beslissing maak wat die onpartydigheid van die Tribunaal sal verseker.
- (14) Tribunaalsittings is beperk omdat lede deelyds in diens geneem is.
Die Tribunaal is nie daartoe in staat om sake te verhoor op die basis van dringendheid of om interim bevele te gun nie.
- (15) Die Tribunaal is 'n kwasie-geregterlike struktuur en is nie gemagtig om kosteorders teen partye te gun nie.

6. Tydsbeperking vir appèl en kondonering

- (1) n Kennisgewing van appèl moet binne 30 dae vanaf die ontvangs van die geskrewe kennisgewing waarby die handeling, voorskrifte en besluit van die tersaaklike entiteit deur 'n appellant ontvang is, by die Tribunaal ingedien word.
- (2) In die geval waar 'n appellant nie sodanige geskrewe kennisgewing binne 30 dae vanaf die datum waar die appellant eerste bewus gemaak word van die handeling, voorskrifte en besluit ontvang nie, moet 'n kennisgewing van appèl nie later as 180 dae vanaf die datum waarop die handeling, voorskrifte, besluit geneem is deur die tersaaklike entiteit ingedien word nie.
- (3) n Appellant wat versuim om 'n appèl binne die tydperk beoog in sub-regulasies (1) en (2) in te dien kan tot die Tribunaal aansoek doen vir kondonering van die laat liassering van die kennisgewing van appèl ingevolge artikel 13(a) van die Wet, met dien verstande dat-
 - (a) die aansoek vir kondonering in skrif is en saam met 'n deeglik voltooide kennisgewing van appèl met ondersteunende stukke ingedien word:
 - (b) die aansoek vir kondonering in skrif is en saam met 'n deeglik voltooide kennisgewing van appèl met ondersteunende stukke ingedien word:
 - (c) die aansoek vir kondonering word vergesel deur 'n ondersteunende beëdigde verklaring wat die redes vir die laat liassering van die kennisgewing van appèl, met ondersteuning stukke, indien enige, uiteensit; en
 - (d) Die kennisgewing van appèl en aansoek vir kondonering, is deur die Tribunaal nie later as 180 dae soos beoog in sub-Regulasie (2) ontvang nie.

- (4) Die Tribunaal moet 'n aansoek vir kondonering voor die verhoor van die appèl oorweeg.
- (5) 'n Verhoor by die Tribunaal om 'n appellant se laat liassering van 'n kennisgewing van appèl te kondoneer laat die appèl toe om voort te gaan soos 'n appèl wat behoorlik geliasseer is.

7. Opskorting van die geldigheid van die handeling, opdrag, of besluit waarteen geappelleer is

- (1) Die voorsitter van die Tribunaal moet outomaties die bedryf van die handeling, opdrag of besluit waarteen geappelleer word opskort as die appèl binne 30 dae van sodanige handeling, opdrag of besluit ingedien is.
- (2) Die beslissing deur die voorsitter moet binne 7 dae aan alle partye tot die appèl gekommunikeer word.
- (3) Enige party kan die outomatiese opskortingsbeslissing van die voorsitter teenstaan deur binne 7 dae na die ontvangs van die kennisgewing van sodanige beslissing deur die voorsitter, kennisgewing aan die Tribunaal en alle ander partye tot die appèl te gee, welke kennisgewing moet die redes vir die teenstand volledig uiteensit.
- (4) Die tydperk waarin 'n kennisgewing van teenstand van die outomatiese opskortings of antwoord daarvan ingedien kan word, kan nie verleng word nie, met uitsondering by bewys van gegronde redes.
- (5) Die kennisgewing om teen te staan in sub-regulasie (3) hierbo, sal die uitwerking hê van die ter syde stelling van die beslissing van die voorsitter om die geappelleerde handeling, opdrag of besluit outomaties op te skort tot 'n finale beslissing oor opskorting deur die voorsitter gemaak is.

- (6) Die appellant kan binne 7 dae vanaf die betekening van die kennisgewing om teen te staan, op die kennisgewing om die outomatiese opskorting teen te staan, antwoord.
- (7) Die saak moet dan voor die voorsitter van die Tribunaal voorgelê word vir 'n finale beslissing oor die outomatiese opskorting.

8. Opwagting voor die Tribunaal

- (1) Die Tribunaal kan enige persoon dagvaar om opwagting te maak ingevolge artikel 14(1)(b) van die Wet deur Vorm TAT 03, voorsien in Aanhangsel 1, te voltooi.
- (2) 'n Dagvaarding beoog in sub-regulasie (1) moet deur die voorsitter of aangewese lid onderteken word en moet deur 'n balju, beoog in die Wet op Balju's, 1986 (Wet No, 90 van 1986) beteken word, of 'n gemagtigde beampte soos omskryf in artikel 1 van die "National Land Transport Act, 2009".
- (3) Die balju of gemagtigde beampte moet 'n relaas van betekening of nie-betekening, na gelang van die geval, aan die aangewese amptenaar lewer.
- (4) Enige persoon wat versuim om 'n dagvaarding na te kom is skuldig aan 'n misdryf soos beoog in artikel 15 van die Wet.

9. Reg tot verteenwoordiging

- (1) 'n Party tot 'n appèl het die reg om in persoon opwagting te maak of om verteenwoordig te word in verrigtinge voor die Tribunaal.
- (2) 'n Party wat kies om verteenwoordig te word moet volmag in ooreenkoms met Vorm TAT 02 voorsien in Aanhangsel 1, indien.

- (3) Die verteenwoordigde party moet die Tribunaal van enige onttrekking of verandering in verteenwoordiging in kennis stel en nuwe besonderhede vir kommunikasie en betekening van stukke verskaf.

10. Kennisgewing van verhoor

- (1) Die aangewese amptenaar moet 'n kennisgewing van die appèlverhoor ten minste 10 dae, of sodanige korter periode soos deur alle partye tot die appèl ooreengestem, voor die verhoor stuur, elektronies of deur ander ooreengestemde metode na-
- (a) die appellant of die verteenwoordiger van die appellant op rekord by die Tribunaal;
 - (b) die tersaaklike entiteit;
 - (c) alle ander partye tot die appèl; en
 - (d) enige persoon wat formeel tot die verrigtinge gevoeg is.
- (2) 'n Kennisgewing beoog in sub-Regulasie (1) moet weerspieël-
- (a) die name van die appellant, die respondente en ander partye wat formeel tot die verrigtinge gevoeg is;
 - (b) die sitasie van die appèl; en
 - (c) die datum, tyd, en plek van die verhoor.

11. Uitstel van verrigtinge, verwydering van appèl van die register en terugtrekking van appèl

- (1) Enige party tot 'n appèl kan, by bewys van gegronde rede, aansoek doen vir die uitstel van die verhoor van die appèl op die dag van die verhoor, met dien

verstande dat alle partye tot die appèl geregtig is om sodanige aansoek vir uitstel te bestry, voor die Tribunaal oor die aangeleentheid beslis.

- (2) Enige party tot die appèl kan uitstel van 'n verhoor versoek, en sodanige versoek moet redes vir die versoek bevat en moet die Tribunaal en alle ander partye 7 dae voor die geskeduleerde datum van die verhoor bereik.
- (3) Enige party wat die uitstel wil bestry moet vertoë aan die voorsitter maak binne 3 dae na ontvangs van die aansoek vir uitstel.
- (4) Die voorsitter kan 'n versoek vir uitstel van verrigtinge by bewys van goeie gronde, goedkeur of die appèl van die rol verwyder voor die datum van die verhoor of kan die aansoek vir uitstel weier.
- (5) Indien die voorsitter besluit om die verrigtinge uit te stel of die appèl van die rol te verwyder, moet die aangewese amptenaar kennis van sodanige uitstel of verwydering aan alle partye tot die appèl gee, hetsy telefonies of elektronies, geredelik na die voorsitter oor die saak beslis het.
- (6) 'n Appellant wat uit die appèl wil onttrek, moet binne 5 dae voor die datum van die verhoor van die appèl onttrek deur Vorm TAT-06 te voltooi.
- (7) Indien 'n appellant minder as 5 dae voor die datum van die verhoor tot 'n appèl onttrek, word die appèlgelde verbeur.

12. Verrigtinge by verhoore

- (1) Behalwe in die geval van 'n voorlopige kwessie geopper ingevolge sub-Regulasie 5(4), moet die Tribunaal die appellant toelaat om sy of haar saak eerste voor te lê, en daarna moet die Tribunaal enige ander partye tot die appèl toe laat om hul saak

voor te lê, waarna die appellant 'n geleentheid gebied moet word om op die kwessies wat deur sodanige ander partye geopper is, te antwoord.

- (2) Die tersaaklike enititeit, wat die redes vir sy besluit skriftelik geliasseer het, kan nie verdere verdoë maak nie tensy die Tribunaal versoek om 'n besondere kwessie te verduidelik omdat dit *functus officio* is voor die aanvang van die appèlverhoor.
- (3) Die Tribunaal kan enige party tot die appèl toelaat om getuienis te lewer en getuies te roep, en die partye kan toegelaat word om sodanige getuies op geskikte tye soos deur die Tribunaal bepaal te ondervra.

13. Verhoor van appèl by ontstentenis van enige van die partye

- (1) Waar 'n kennisgewing van 'n verhoor ingevolge regulasie 10 beteken is, kan die Tribunaal 'n appèl verhoor by ontstentenis van die appellant of enige ander party tot die appèl as-
 - (a) die Tribunaal oortuig is dat die saak waggedoen kan word weens die stukke ingedien;
 - (b) die appellant of die ander party aan die Tribunaal aangedui het dat sodadige party kies om nie die by die verhoor teenwoordig te wees nie;
 - (c) die appellant of enige ander party versuim om die verhoor by te woon sonder voorsiening van redes of redes voorsien wat onaanvaarbaar aan die Tribunaal is;
 - (d) die appellant of ander party stukke ingedien het wat kwelsugtig of beuselagtig van aard is;

- (e) die appellant of ander party aansoek gedoen het vir ongeregverdigde of herhalende uitstelling van die verhoor; of
 - (f) die appel van die rol verwyder is op twee of meer vorige geleenthede en die Tribunaal oorweeg dat dit in die belang van geregtigheid is om van die saak weg te doen.
- (2) Waar die Tribunaal voortgaan met 'n verhoor by ontstentenis van die appellant of enige ander party tot die appèl, kan die Tribunaal die appèl oorweeg en behandel op grond van die inligting aan dit beskikbaar ten die tyd van die verhoor.

14. Gesamentlike verhore

- (1) Die Tribunaal kan beslis dat twee of meer appelle saam verhoor kan word waar-
- (a) die partye tot die appèl daartoe ingestem het;
 - (b) 'n gemene vraag of feit of wet bestaan; of
 - (c) dit volgens die oordeel van die Tribunaal prakties en gepas sal wees om gelyktydig met die appèlle voort te gaan.

15. Opname van verrigtinge

- (1) Die Tribunaal moet rekords van elke appèl, elke stuk wat daarmee in verband staan wat ingedien is, en 'n opsomming van die verrigtinge en notules van die verhoor daaraan verwant deur middel van snelskrif of elektroniese notas hou.
- (2) Die rekords bedoel in sub-Regulasie (1) moet weggedoen word ooreenkomstig die Wet op die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996).
- (3) Rekords kan as hardekopie, mikrofilm, of in elektroniese formaat gehou word: Met dien verstande dat sodanige rekords nie in 'n formaat gestoor kan word wat van

die oorspronklike formaat verander kan word sonder die gebruik van enkripsiekodes nie.

16. Besluite van die Tribunaal

- (1) Tribunaal moet binne 21 dae na die verhoor van die appèl of sodanige verlengde tydperk wat deur die Tribunaal bepaal mag word, die besluit van die verhoor finaliseer maar nie later as 30 dae na die verhoor van sodanige appèl nie.
- (2) Die Tribunaal moet binne 10 dae vanaf die datum wat dit die besluit gefinaliseer het, die tersaaklike entiteit en partye tot die appèl oor die besluit van die Tribunaal in kennis stel.
- (3) 'n Besluit van die Tribunaal moet skriftelike aan partye tot die appèl gelewêr word en moet volle besonderhede, met redes, van die Tribunaal se besluit insluit en uiteensit of die appèlgelde of enige deel daarvan terugbetaal moet word aan, of verbeur word deur die appellant.
- (4) In die geval waar die betrokke entiteit versuim het om die besluit van die Tribunaal na te kom, moet die Tribunaal binne 10 dae van sodanige versuim, 'n lasgewing ooreenkomstig Vorm TAT-04 aan die tersaaklike entiteit ingevolge artikel 12 (5) van die Wet, uitreik.
- (5) Die Tribunaal moet onmiddelik daarna, die Direkteur-generaal van die lasgewing wat aan die entiteit uitgereik is in kennis stel en 'n afskrif daarvan op Vorm TAT-05 aanheg, ingevolge artikel 12(6) van die Wet.

17. Gelde

- (1) Die appèlindieningsfooie soos voorgeskryf in die Wet is ten opsigte van elke bedryfslisensie of permit waarteen geappelleer of in dispuut is.

- (2) Die Appèlgelde beoog in artikel 11 van die Wet word in Aanhangsel 2 voorgeskryf.
- (3) Waar die Tribunaal-
 - (a) 'n appèl van die hand wys ingevolge artikel 12(1)(a) van die Wet, sal die appèlgelde verbeur word;
 - (b) 'n appèl handhaaf ingevolge artikel 12(b) van die Wet, die appèlgelde of enige deel daarvan, soos deur die Tribunaal besluit aan die appellant terugbetaal moet word;
 - (c) enige ander handeling, lasgewing of besluit wat die entiteit of die Regulerende Komitee, na gelang van die geval, kon uitgevoer het of gegee is, vervang, ingevolge Artikel 12(1)(b)(i), moet die appèlgelde aan die appellant terugbetaal word;
 - (d) die aangeleentheid wat die appèl geopper het na die entiteit of Regulerende Komitee, na gelang van die geval, terug verwys, vir herooring deur die Tribunaal ingevolge artikel 12(1)(b)(ii) van die Wet, moet die appèlgelde aan die appellant terugbetaal word; en
 - (e) gedeeltelik 'n appèl handhaaf ingevolge artikel 12(1)(c) van die Wet, kan die appèlgelde of deel daarvan terugbetaal word aan die appellant na goeëdunke van die Tribunaal.
- (3) Waar die voorsitter van die Tribunaal 'n aansoek vir kondonering van die laat liassering van 'n appèl ingevolge artikel 13(a) van die Wet weier, moet die appèlgelde aan die appellant terugbetaal word.
- (4) Enige persoon wat ingevolge artikel 14(1)(b) van die Wet gedagvaar is om opwagting voor die Tribunaal te maak om getuieis te lewer of om 'n boek, plan of

ander stuk of voorwerp voort te bring, moet die getuiegelde wat aan enige getuie wat opwagting of gedagvaar is om getuienis te lewer in 'n siviele saak voor 'n landdroshof betaal word, onderhewig aan Regulasie (8).

- (5) Geen getuiegelde is betaalbaar aan 'n staatsamptenaar wat opwagting by 'n verhoor in die uitvoer van sy of haar pligte bywoon nie.

18. Herroeping van Regulasies

Die Vervoerappèltribunaal Regulasies, 2012, gepubliseer onder *Staatskoerant* No. 36077, Kennisgewing No. 26 van 17 Januarie 2013, word hierby herroep.

19. Kort titel en Inwerkingtreding

Hierdie Regulasies word die Vervoerappèltribunaal Regulasies, 2026 genoem, en tree in werking op die datum van afkondiging in die *Staatskoerant*.

20. AANHANGSEL 1: TAT VORMS**VORM TAT 01: Kennisgewing van appèl****VORM TAT 02: Spesiale volmag****VORM TAT 03: Dagvaarding****VORM TAT 04: Lasgewing na entiteit / Regulerende Komitee ooreenkomstig
Artikel 12(5) van die Wet****VORM TAT 05: Kennisgewing na die Direkteur-generaal: Vervoer,
ooreenkomstig Artikel 12(6) van die Wet****VORM TAT 06: Terugtrekking van appèl****21. AANHANGSEL 2: APPÈL INDIENINGSGELDE**

<u>Beskrywing</u>	<u>Gelde</u>
Indieningsgelde- Bus werksaamhede	R 2000.00
Indieningsgelde- Midi Bus werksaamhede	R 1500.00
Indieningsgelde- Mini Bus werksaamhede	R 1000.00
Indieningsgelde – Huurdiens werksaamhede	R 1000.00
Indieningsgelde - Toeriste werksaamhede	R 1000.00
Indieningsgelde - Meter Taxi werksaamhede	R 1000.00
Indieningsgelde - Pendeldienste werksaamhede	R 1000.00
Indieningsgelde - Ander	R 1000.00



WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2025

VORM TAT 01: KENNISGEWING VAN APPÈL

Die kennisgewing van appèl moet in vol voltooi word en versuim om te voldoen daaraan, kan lei tot die appèl se verwydering vanaf die Appèlregister.

1. BESONDERHEDE VAN DIE APPÈL

KIES ASSEBLIEF DIE TERSAAKLIKE ENTITEIT DEUR DIT MET 'N X TE MERK

Provinsiale Reëlings-entiteit (PRE)	Nasionale Openbare Vervoer-reguleerder (NPTR)	Munisipale Reëlings-entiteit (MRE)	Reëlingskomitee van die Oorgrenspadvervoer-agentskap (C- BRTA)	ANDER (SPESIFISEER)

KIES ASSEBLIEF DIE TERSAAKLIKE VOERTUIG DEUR DIT MET 'N X TE MERK

MINIBUS	MIDIBUS	BUS	ANDER (SPESIFISEER)

**KORT BESKRYWING VAN DIE AARD VAN DIE HANDELING/ LASGEWING/
BESLUIT/ WEGLATING**

**DATUM WAAROP DIE APPELLANT BEWUS GEMAAK IS VAN DIE HANDELING/
LASGEWING/ BESLUIT/ WEGLATING VAN DIE TERSAAKLIKE ENTITEIT**

**AS 'N TYDPERK VAN 30 DAE VERSTRYK HET SEDERT DIE APPELLANT BEWUS
GERAAK HET VAN DIE HANDELING/ LASGEWING/ BESLUIT/ WEGLATING, MOET
DIE APPELLANT 'N AANSOEK VIR KONDONERING IN DIE VORM VAN 'N BEËDIGE
VERKLARING, ONDERSTEUN DEUR TERSAAKLIKE STUKKE, INDIEN**

KONDONERING INGEDIEN: JA _____ NEE _____ N.V.T. _____

REDES VIR DIE HANDELING/ LASGEWING/ BESLUIT/ WEGLATING

Heg asseblief 'n afskrif van 'n besluitbrief aan, indien beskikbaar.

2. BESONDERHEDE VAN APPELLANT/E

VIR 'N NATUURLIKE PERSOON: NAAM EN VAN 	VIR 'N REGSPERSOON OF ANDER ENTITEIT: NAAM EN BESONDERHEDE VAN VERTEENWOORDIGER:
IDENTITEITS- OF PASPOORTNOMMER: 	REGISTRASIE NOMMER VAN DIE ENTITEIT:

Heg asseblief 'n afskrif van identiteitsdokument/ paspoort aan.	Heg asseblief 'n afskrif van registrasie dokumente aan.
POS/ FISIESE ADRES:	POS/ FISIESE ADRES:
_____	_____
_____	_____
TELEFOON NO:	TELEFOON NO:
_____	_____
SELFOON:	SELFOON:
_____	_____
E-POS:	E-POS:
_____	_____

Indien daar meer as een appellant is, moet besonderhede van elke appellant in 'n aanhangsel uiteengesit word en dienooreenkomstig aangeheg word.

3. BESONDERHEDE VAN RESPONDENT/E

3.1 BESONDERHEDE VAN DIE EERSTE RESPONDENT

3.2 BESONDERHEDE VAN DAAROPVOLGENDE RESPONDENTE, INDIEN VAN TOEPASSING

Indien daar meer as een respondent/e is, moet die besonderhede van elke respondent in 'n aanhangsel uiteengesit word en dienoreenkomstig aangeheg word.

4. GRONDE VIR APPÈL

- 4.1 Volle besonderhede van gronde vir appèl moet voorsien word in 'n getikte dokument, wat hierdie vorm moet vergesel.

5. AANSOEK VIR OPSKORTING

- 5.1 Sou die appellant 'n appèl meer as 30 dae na hul bewus gemaak is van die handeling/ lasgewing/ besluit/ weglating indien en opskorting van dieselfe verlang, moet 'n aansoek vir opskorting op beëdigde verklaring saam met hierdie vorm ingedien word.

6. ALGEMENE VEREISTES:

Die Kennisgewing van Appèl moet die volgende vereistes nakom:

- 6.1 Die Appellant/e moet 'n indeks van die Kennisgewing van Appèl en al die aanhegde aanhangsels wat saamgebind moet wees, insluit.
- 6.2 Bladsy nommers moet in duidelike, vetdruk swart ink ingevoeg word bv. 1, 2, 3, 4 ens.
- 6.3 Alle dele van die Vorm moet ingevul word en, waar nie van toepassing nie, moet dit duidelik aangedui word.
- 6.4 Alle stukke moet getik wees.

- 6.5 Besonderhede van die party/e se verteenwoordiger moet duidelik aangedui word met inbegrip van kapasiteit, kontakbesonderhede en 'n besluit in die geval van 'n regspersoon.
- 6.6 Indien die spasie voorsien in hierdie vorm onvoldoende is, moet verdere besonderhede in 'n Aanhangsel uiteengesit word met duidelike aanduiding na watter afdeling verwys word.
- 6.7 n Voltooide Volmag op Vorm TAT 02 vir die verteenwoordiger moet, indien van toepassing aangeheg word.
- 6.8 Die appèlindieningsgelde moet gevolglik betaal word met die bewys van betaling by die appèl/le aangeheg.

7. VERKLARING

EK VERKLAAR HIERBY DAT DIE INLIGTING WAT IN HIERDIE KENNISGEWING VAN APPÈL VOORSIEN IS NA DIE BESTE VAN MY WETE, WAAR EN KORREK IS.

Dus gedaan en geteken te _____ op hierdie datum

Appellant

Datum _____

8. APPÈLINDIENINGSGELDE BANK BESONDERHEDE

Rekening Naam	Department of Transport
Rekeningnommer	4053620095
Bank	ABSA
Verwysingsnommer	13033034 of die identiteitsnommer van die Appellant of maatskappy/CC/ Trust registrasienommer

TRIBUNAAAL KONTAKBESONDERHEDE

Fisiese Adres	Sekretaris van die Vervoerappèltribunaal Departement van Vervoer Forum Gebou 159 Struben Straat, Hoek van Struben & Bosman Straat Pretoria
Posadres:	Privaatsak X 193, Pretoria, 0001
E-posadres:	Tribunal@dot.gov.za
Telefoonnommers	(012) 309 3690/3526//3499/3975/3861



**WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG,
VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2026**

VORM TAT 02: SPESIALE VOLMAG

Ek, die ondergetekende

In my hoedanigheid as

nomineer en stel hierby die persoon hieronder genoem aan:

Om as 'n behoorlik aangestelde verteenwoordiger/agent/prokureur of advokaat in my stede op te tree en om alle stukke en kennisgewings regdeur die verrigtinge van die Tribunaal teen die Appellant/e of Respondent/e, namens my te ontvang:

Besonderhede en adres van die verteenwoordiger/s:

Dus gedaan en geteken te _____ op hierdie datum

Handtekening van die Appellant/ Respondent

Datum:

Getuienisse:

1. Naam _____

Handtekening _____

2. Naam _____

Handtekening _____



**WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG,
VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2025**

VORM TAT 03: DAGVAARDING (ooreenkomstig artikel 14(1)(b) van die Wet)

Appèl verwysingsnommer: _____

In die aangeleentheid tussen:

Appellant/e

En

Respondent/e

AAN:

1. _____
2. _____
3. _____
4. _____

Jy word hierby benodig om in persoon opwagting voor die Vervoerappèltribunaal te maak op hierdie datum _____ te _____ om getuienis te lewer by die verhoor van die bogenoemde aangeleentheid en om die boeke, rekords, of stukke hieronder gespesifieer, en alle ander tersaaklike stukke wat in jou besit is, saam te bring en aan die Tribunaal voor te lê.

Datum	Beskrywing	Oorspronklike of Afskrif

Nalate om hierdie dagvaarding na te kom is 'n misdryf ingevolge artikel 15 van die Wet op die Vervoerappèltribunaal, 1998 (Wet No. 39 van 1998), soos gewysig, en 'n strafsanksie kan opgelê word.

Dus gedaan en geteken te _____ op hierdie datums

Namens die Tribunaal

Datum: _____



**WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG,
VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2026**

**VORM TAT 04: LASGEWING NA REËLINGSENTITEIT OF REËLINGSKOMITEE
(ooreenkomstig artikel 12(5) van die Wet)**

LASGEWING OM DIE BESLUIT VAN DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL (TAT) NA TE KOM

VAN: DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL (TAT)

NA: DIE REËLINGSENTITEIT OF REËLINGSKOMITEE

Appèl verwysingsnommer: _____

IN DIE AANGELEENTHEID TUSSEN:

_____ Appellant/e

En

_____ Respondent/e

Op _____ het die Tribunaal 'n aangeleentheid tussen die bogenoemde partye verhoor te

_____ 'n Besluit is deur die Tribunaal gemaak en 'n afskrif van die besluit is hierby aangeheg. Ingevolge die aangehegde besluit, word u beveel om die besluit, soos beoog in artikel 12 van die Wet, te implementeer, binne _____ en u het nagelaat om dit te doen.

U word opdrag gegee om die besluit binne 21 dae vanaf die ontvangs van hierdie lasgewing te implementeer en bewys van nakoming aan die Tribunaal in te dien.

Neem asseblief kennis dat die lasgewing aan die Direkteur-generaal: Vervoer gestuur is, met die versoek dat die Minister/ LUR/ Munisipale raad in kennis gestel word van u versuim om die besluit van die Tribunaal na te kom, en stappe is geneem om te verseker dat die bevel van die Tribunaal, ingevolge artikel 12(6) van die Wet, nagekom word.

Naam en Van

Kapasiteit: Voorsitter van die TAT of Aangewese lid

Datum:



**[WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG
VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2026**

**VORM TAT 05: KENNISGEWING AAN DIE DIREKTEUR-GENERAAL: VERVOER
(ooreenkomstig artikel 12(6) van die Wet)**

VAN: DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL (TAT)

NA: DIE DIREKTEUR-GENERAAL VAN DIE DEPARTEMENT VAN VERVOER

Appèl verwysingsnommer: _____

IN DIE AANGELEENTHEID TUSSEN:

_____ Appellant/e

En

_____ Respondent/e

Neem asseblief kennis dat die bogenoemde reëlinsentiteit versuim het om die bevel van die Tribunaal binne die aangeduide tyd te implementeer.

Neem asseblief kennis dat die Tribunaal verder 'n lasgewing ingevolge artikel 12(5) van die Wet uitgereik het.

Neem asseblief kennis dat die Tribunaal verder vereis word om ingevolge artikel 12(6) u kantoor van sodanige versuim in kennis te stel en te versoek dat u hierdie aangeleentheid onder die aandag van die Minister/ LUR/ Munisipale raad bring met 'n versoek dat sodanige kantoor bystand bied om die nakoming van die lasgewing van die Tribunaal, ingevolge artikel 12(5), te verseker. U word vriendelik versoek om binne 30 dae vanaf ontvangs van hierdie kennisgewing aan die Tribunaal verslag te lewer oor watter stappe deur die tersaaklike Minister/ LUR/ Munisipale raad geneem is om nakoming van die lasgewing van die Tribunaal, te verseker.

Die Lasgewing ingevolge artikel 12(5) word hierby aangeheg.

Naam en Van

Kapasiteit: Voorsitter van die TAT of Aangewese lid

Datum:



**WET OP DIE VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL WET 39 VAN 1998, SOOS GEWYSIG,
VERVOERAPPÈLTRIBUNAAL REGULASIES, 2026**

VORM TAT 06: TERUGTREKKING VAN APPÈL

Appèl verwysingsnommer: _____

IN DIE AANGELEENTHEID TUSSEN:

_____ Appellant/e

En

_____ Respondent/e

Rede/s vir die terugtrekking van Appèl:

Ek bevestig hierby dat die bogenoemde inligting waar en korrek is en dat ek deeglik gemagtig is om hierdie terugtrekking in te dien en gee hierby toestemming aan die Tribunaal om hierdie saak van sy appèlregister te verwyder en die lêer toe te maak.

Dus gedaan en geteken te _____ op hierdie datum _____

Volle naam van Appellant:

Handtekening: _____

Datum:

LW: Indien die terugtrekking minder as 5 dae voor die verhoor ingedien word, word die indieningsgelde verbeur (soos voor voorsiening gemaak in Regulasie 11(7)).

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

PROCLAMATION NOTICE 340 OF 2026

by the
PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA

SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): REFERRAL OF MATTERS TO EXISTING SPECIAL INVESTIGATING UNIT: NORTH WEST DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND ROADS

WHEREAS allegations as contemplated in section 2(2) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996) ("the Act"), have been made in respect of the affairs of the North West Department of Public Works and Roads ("the Department");

AND WHEREAS the Department or the State suffered losses that may be recovered;

AND WHEREAS I deem it necessary that the said allegations should be investigated and civil proceedings emanating from such investigation should be adjudicated upon;

NOW, THEREFORE, I hereby, under section 2(1) of the Act, refer the matters mentioned in the Schedule, in respect of the Department, for investigation to the Special Investigating Unit established by Proclamation No. R. 118 of 31 July 2001 and determine that, for the purposes of the investigation of the matters, the terms of reference of the Special Investigating Unit are to investigate as contemplated in the Act, any alleged—

- (a) serious maladministration in connection with the affairs of the Department;
- (b) improper or unlawful conduct by the employees or officials of the Department;
- (c) unlawful appropriation or expenditure of public money or property;
- (d) unlawful, irregular or unapproved acquisitive act, transaction, measure or practice

- having a bearing upon State property;
- (e) intentional or negligent loss of public money or damage to public property;
 - (f) offence referred to in Parts 1 to 4, or section 17, 20 or 21 (in so far as it relates to the aforementioned offences) of Chapter 2 of the Prevention and Combating of Corrupt Activities Act, 2004 (Act No. 12 of 2004), and which offences were committed in connection with the affairs of the Department; or
 - (g) unlawful or improper conduct by any person, which has caused or may cause serious harm to the interests of the public or any category thereof,
- which took place between 9 March 2021 and the date of publication of this Proclamation or which took place prior to 9 March 2021 or after the date of publication of this Proclamation, but is relevant to, connected with, incidental or ancillary to the matters mentioned in the Schedule or involve the same persons, entities or contracts investigated under authority of this Proclamation, and to exercise or perform all the functions and powers assigned to or conferred upon the said Special Investigating Unit by the Act, including the recovery of any losses suffered by the Department or the State, in relation to the said matters in the Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at
..... Pretoria this 03 day of August Two thousand and
twenty-six.



President

By Order of the President-in-Cabinet:



Minister of the Cabinet

SCHEDULE

1. The procurement of or contracting for goods, works or services by or on behalf of the Department in respect of Bid Number PWR 89/13: Special Maintenance of Road P152/1 from Setlagole to P34/4 in Delareyville 58km (Phase ii- 28km), and payments made in respect thereof in a manner that was—

- (a) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
 - (b) contrary to applicable—
 - (i) legislation;
 - (ii) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or
 - (iii) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Department;
 - (c) characterised by improper or unlawful conduct by the officials, employees or agents of the Department, or any other person or entity, to corruptly or unduly benefit themselves or any other person or entity; or
 - (d) fraudulent,
- and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by the Department or the State.

2. Any improper or unlawful conduct by the officials or employees of the Department or the service providers in question, or any other person or entity, in relation to the allegations set out in paragraph 1 of this Schedule.

PROKLAMASIE KENNISGEWING 340 VAN 2026
deur die
PRESIDENT van die REPUBLIEK van SUID-AFRIKA

WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996
(WET NO. 74 VAN 1996): VERWYSING VAN AANGELEENTHEDE NA
BESTAANDE SPESIALE ONDERSOEKEENHEID EN SPESIALE TRIBUNAAL:
NOORDWES DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN PAAIE

AANGESIEN bewerings soos beoog in artikel 2(2) van die Wet op Spesiale Ondersoekkeenheide en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet op No. 74 van 1996) (hierna "die Wet" genoem), gemaak is ten opsigte van die sake van die Noordwes Departement van Openbare werke en Paaie ("die Departement" genoem);

EN AANGESIEN die Departement of die Staat moontlik verliese gely het wat verhaal kan word;

EN AANGESIEN ek dit nodig ag dat die vermelde bewerings ondersoek moet word en siviele verrigtinge wat uit sodanige ondersoek voortspruit, bereg moet word;

DERHALWE verwys ek nou, kragtens artikel 2(1) van die Wet, die aangeleenthede in die Bylae vermeld, ten opsigte van die Departement, vir ondersoek na die Spesiale Ondersoekkeenheid ingestel by Proklamasie No. R. 118 van 31 Julie 2001 en bepaal dat, vir die doeleindes van die ondersoek van die aangeleenthede, die opdrag van die Spesiale Ondersoekkeenheid is om ondersoek in te stel, soos in die Wet beoog, na enige beweerde—

- (a) ernstige wanadministrasie in verband met die sake van die Departement;
- (b) onbehoorlike of onwettige gedrag deur die werknemers van die Departement;

- (c) onregmatige bewilliging of besteding van publieke geld of eiendom;
- (d) onwettige, onreëlmatige of niegoedgekeurde verkrygende handeling, transaksie, maatreël of praktyk wat op Staatseiendom betrekking het;
- (e) opsetlike of nalatige verlies van of skade aan publieke eiendom;
- (f) misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), en welke misdrywe gepleeg is in verband met die sake van die Departement; of
- (g) onregmatige of onbehoorlike optrede deur enige persoon wat ernstige benadeling vir die belange van die publiek of enige kategorie daarvan veroorsaak het of kan veroorsaak,

wat plaasgevind het tussen 9 Maart 2021 en die datum van publikasie van hierdie Proklamasie of wat plaasgevind het voor 9 Maart 2021 of na die datum van publikasie van hierdie Proklamasie, wat relevant is tot, verband hou met, insidenteel of bykomstig is tot, die aangeleenthede vermeld in die Bylae of wat dieselfde persone, entiteite of kontrakte betrek wat ondersoek word kragtens die volmag verleen deur hierdie Proklamasie, en om al die werksaamhede en bevoegdhede wat deur die Wet aan die gemelde Spesiale Ondersoekkeenheid toegewys of opgedra is, uit te oefen of te verrig in verband met die genoemde aangeleenthede in die Bylae, insluitend die verhaal van enige verliese wat deur die Departement of die Staat gely is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te ~~Pretoria~~ op hede die³..... dag van ~~August~~^{August} Tweeduisend-ses-en-twintig.

President



Op las van die President- in- Kabinet:



Minister van die Kabinet

Bylae

1. Die verkryging van, of kontraktering vir goedere, werke of dienste deur of namens die Departement te aansien van Bodnommer PWR 89/13: Spesiale Onderhoud van pad P152/1 vanaf Setlagole na P34/4 in Delareyville 58km (Fase ii- 28km) en betalings gemaak te aansien daarvan in 'n wyse wat—
 - (a) nie regverdig, billik, deursigtig, mededingend of koste-effektief was nie;
 - (b) strydig was met toepaslike—
 - (i) wetgewing;
 - (ii) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendbriewe of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie, of waar toepaslik, die tersaaklike Provinsiale Tesourie, uitgevaardig is;
 - (iii) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of van toepassing op, die Departement;
 - (c) gevoer is of vergemaklik is deur die onregmatige of onbehoorlike gedrag van—
 - (i) werknemers, amptenare of agente van die Munisipaliteit; of
 - (ii) enige ander persoon of entiteit,om hulself of ander op 'n korrupte wyse of ten onregte te bevoordeel; of
 - (d) bedrieglik was,en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verkwistende uitgawes deur die Departement of die Staat aangegaan.
2. Enige onwettige of onbehoorlike gedrag deur die beamptes of werknemers van die Departement, of toepaslike diensverskaffers of enige ander persoon of entiteit met betrekking tot die bewerings uiteengesit in paragraaf 1 van hierdie Bylae.